Article from www.homeschooling-curriculum-guide.com

"Kinders se eie perspektief op tuisonderrig"

deur Willemien Krüger © Maart 2014

Ons as ouers het 'n perspektief op tuisonderrig en so het ons kinders ook. Hierdie artikel is 'n kort samestelling van net 'n paar kinders se eie perspektief in hulle eie woorde. Mag dit as inspirasie dien om aan te hou doen wat ons doen.

Ek is 11 jaar oud. Nou dat ek tuisskool doen het ek meer tyd vir my sport. Ek kan nou tennis oefen elke oggend vir 2 ure. Ek het sewe vakke (Engels, Wiskunde, Natuur Wetenskap, Frans, Kuns, Rekenaar Wetenskap en rekenaar programeering, Projek werk). As ek tuisskool teen normale skool vergelyk, sou ek defintief tuisskool kies vir hierdie redes:

- Geen meer skool klere
- Geen meer wakker word 5uur in die oggend om reg te maak vir skool
- Geen meer huis werk

Tuisskool is pret vir hierdie redes:

- Jy bly by die huis en doen dit self
- Dit vat partykeer nie eers 3 ure nie as jy hard werk
- Jy kan dit enige tyd van die dag doen

(JJ Brazer)

Ek is 12 jaar oud. Ek het laas jaar tuisskool begin. Ek het baie nuwe maats gemaak oor hierdie tyd, tuisskool is cool selfs al het ons nie dieselfde skool vakansies as die publieke skole nie, ons kan op vakansie gaan enige tyd wat ons wil! Ons gaan ook op baie interessante en opvoedkundige tuisskool uitstappies. Een van ons uitstappies was na 'n pottery fabriek, ons het geleer oor verskillende tipes klei en toe moes ons ons eie potte gemaak het, wat interessant was maar baie morserig. Net laas maand het ons op 'n uitstappie gegaan na 'n teleskoop, ons het soveel goed geleer daar, glo my dit was baie interessant en nie baie kinders kry so 'n wonderlike geleentheid nie. As ek normale skool vergelyk teenoor tuisskool, sou ek sê hulle is baie anders as mekaar. Die onderwysers is jou ma of pa, jy doen baie aktiviteite en baie lekker dinge. Ek doen ritmiese gimnastiek. My skool vakke is: Engels, Frans, Natuur Wetenskap, Wiskunde, Rekenaar Wetenskap en Kuns. Ek doen ook kook saam met my pa en bak saam met my ma. So tuisskool is nog steeds harde werk, maar dit gee my die opsievan hoeveel werk ek moet doen teen wanneer, ek kan speel wanneer ek wil en dinge doen wat ek geniet, ek hoef nie skool klere aan te trek nie, so dis altyd gemaklik. Ek wens ander mense kan sien hoeveel beter tuisskool is as normale skool.
(Alex Brazer)

Tuisskool is… deur 'n 13 jarige. As jy my vra is tuisskool anders vir almal. Vir my is dit lekker om die kans te hê om te kies wat ek wil word, wat ek wil doen, wat ek wil leer. My dag begin met ek en my suster wat wakker word 6uur die oggend om reg te maak vir 'n besige dag, maar ek ken ook 'n paar tuisskool vriende wat opstaan rondom 8 uur die oggend. Dit wys hoe ons verskillend lewe. Toe ek begin het met tuisskool het al my boeke van verskillende plekke gekom. Party was my ouers se werkboeke van hulle skool dae, ander was boeke wat die bibilioteek uitgegooi het. En party van my vriende gebruik 'n kurrikulum – weer wys dit die verskille in style. Meeste tuisskolers wat van publieke skole kom is baie paniekerig oor wat om te doen in hulle eerste jaar. Dan kry hulle dit reg om te ontspan deur hulle tweede jaar en besluit wat hulle wil doen teen hulle derde jaar. Daardeur vat hulle uiteindelik verantwoordelikheid vir hulle eie lewens. Vir my is tuisskool oor om te kan kies wat ek wil wees, hoe ek dit wil regkry, en hoe hard ek gaan werk om dit te laat gebeur, en terwyl ek werk kan ek weet dat ek myself is, en dat ek nie iemand anders hoef te wees om my lewe tot die volste te kan lewe nie. *(Enette Venter)*

'n Ses-jarige sê "Tuisskool is so lekker want ek het meer tyd om te speel en dit is lekker om te leer lees." 'n Tien-jarige se, "Ons het baie speel tyd, en ons is mal daaroor dat ons net 2 maande skool en dan 1 maand vakansie het. Ek het baie vakke soos Afrikaans, Wiskunde, Wetenskap, Biologie,

Geskiedenis, Kuns, Tegnologie, Engels en Aardrykskunde en ook Bybel. Ek lees ook ander goed in die aande. Ons het diere om te versorg en ‘n groente tuin om te onderhou. Daar is baie tyd vir my om gimnastiek te oefen.”

Na 7 jaar van publieke skool geniet ek nou tuisskool en is mal oor elke oomblik. Ek kan net myself wees, daar is nie meer groepsdruk nie. Ek het meer tyd vir ander aktiwiteite wat ek ook nou meer kan geniet oor ek nie meer hoef bekommerd te wees oor huiswerk wat nog gedoen moet word nie. Ek is ‘n baie sosiale persoon en dit het glad nie verander nie, om die waarheid te sê dit is nou lekkerder as vriende kan kom kuier vir langer tye en ons het soveel meer om oor te praat aangesien ons nie meer mekaar net sien elke dag in dieselfde opset van skool nie. Ek het gesukkel met konsentrasie in skool en om te leer was ‘n groot las, dit is so anders nou. Ek doen nog nie ‘n formele kurrikulum nie, maar het baie tyd vir my kuns en lees werk – hierdie moes altyd wag omdat daar nooit genoeg tyd was om dit te doen terwyl ek in die skool was nie. Ek voel baie meer ontspanne en kalm. Die tyd wat ons as familie saam spandeer is ook baie waardevol, ek voel asof ek nou eers hulle rêrig leer ken!
Tuisonderrig – die beste ding wat met my kon gebeur het! (14 jaar oud)
(Teegan Els)

Ek is 13 en is al my hele lewe gestuisskool. Ek dink tuisskool word baie keer (verkeerdelik) gedink aan as ‘n alleen, nerd manier van onderrig en die mense wat tuisskool is skaam en weird. Vandag wil ek deel hoe tuisskool is vir my, en wat ek hou van en nie hou van nie.

Om getuisskool te word is nie net my skoolwerk nie, dis ‘n manier van lewe en bepaal die manier hoe ek optree en reageer in verskillende situasies. Ek hou van leer, en baie keer as my vriende wat in publieke skole is kla oor hoeveel huiswerk hulle het en hoe hulle nie tyd kry vir ander goed nie wonder ek, hou hulle ooit van skool? Dit lyk asof hulle net van die sosiale deel van skool hou, die chitchat en saam met vriende uithang. Hulle lyk nooit asof hullle die klasse geniet vir die werk en leer nie. Ek was hartseer toe ek eers besef het hulle het hulle natuurlike liefde om te leer en ontdek ontleer. Ek is so opgewonde oor my volgende jaar se werk terwyl ander kinders lewe vir vakansies. Natuurlik is nie alle onderwerpe ewe interessant vir my nie, en my ma moet my druk met sekere goed (bv wiskunde!), maar ons het almal verskillende belangstellings en niemand wil leer oor iets wat hulle nie interesseer nie! Ek sê ook nie vakansies is onnodig nie! Daar is ‘n tyd vir alles.

Ek hou baie van tuisskool vir meer as 1 rede. Hier is party van hulle:
~Ek hoef nie vroeg op te staan nie (ons rangskik ons eie skedule om ons familie roetine te pas)
~Ek hoef nie spesifieke klere te dra nie
~Ek het ‘n sê in my werk (ek kan met my ouers praat en hulle se wat interesseer my en watse boeke ek meer van hou ens.)
~Ek kan beplan hoe ek wil werk (ek kan my eie skedule uitwerk)
~Ek leer baie dinge wat ek nie sou geleer het in publieke skole nie
~Ek kry direkte hulp en aandag as ek sukkel met iets
~Ek ken my familie beter want ek sien hulle meer
~Ek is onder minder druk as ek nodig het om tyd af te vat en daar is werk oor (as ek siek word ens.)
~Ek kry nie huiswerk nie aangesien ek al my werk in die oggend doen (in skool tyd)
~Ek het meer vrye tyd
~Ek gaan op interessante uitstappies saam met ons tuisskool groep
~As ek iets ontdek waarvan ek hou dan het ek meer tyd om navorsing daaroor doen
~Ek assosieer meer goed met onderrig/leer as om by my lessenaar te sit (bv werk in die groente tuin, versorging van diere, om na die biblioteek te gaan, boeke lees, musiek te luister, op die internet te surf)
~Ek kan ‘n interessante gesprek hê oor meer goed as die laaste mode of nuutste klas leier

Goed wat ek nie van tuisskool hou nie is minder, maar hier is party van hulle:
~Oor my ma my onderwyser is, is daar soms misverstande tussen ons
~Ek moet aktief vriende uitsoek, in plaas van om omring te wees deur jongmense van my ouderdom
~Partykeer gee mense my ‘n vreemde kyk as ek hulle sê ek word getuisskool en gaan nie na ‘n publike hoerskool toe gaan nie (dan kan ek nie help om snaaks en uit plek uit te voel nie)
~Ek het nog nie die geleentheid gehad om na skool danse of ander sosiale funkies wat my vriende oor praat te gaan nie wat ek weet ek tien-teen-een sal geniet

Maar in die algemeen is ek bly ek het ‘n ma wat braaf genoeg was om opstroom te swem en my en my boeties te tuisskool. Ek leer baie en sien uit na my toekoms!
(Elna Kruger)

Die volgende bemoedigende paragraaf is geskryf deur ‘n 20 jarige honeurs student wat getuisonderrig is van graad 3 af.

Die eerste keer wat ek gehoor het van tuisskool het ek regtig opgewonde geraak en gedink, hierdie gaan ‘n nuwe avontuur wees! In die begin het dinge sommer deurmekaar gevoel. Almal moes in ‘n nuwe roetine en manier van dinge doen in kom. Om ‘n vaste kurrikulum te volg het gehelp om die struktuur in die huis te kry. Dit was nog steeds moeilik om aan te hou sukkel met dieselfde probleem en nie met die werk klaar te kry nie. Soms moes ek baklei teen verwerping as volwassenes negatiewe opmerkings oor tuisonderrig maak. En soms het ek gewonder of ek ooit skool gaan klaarmaak as dit lyk asof daar so min vordering is. So dit was nie altyd maklik nie, maar dit is defintief dit werd! Dit het my verantwoordelikheid geleer en die vermoë om te beplan en my werk op my eie te doen. Dit het my uithouvermoë geleer en om aan te hou met iets tot jy dit reg kry. Dit het my ook geleer hoe om probleme op te los en onafhanklik te werk. Mens kry ook die geleentheid om tyd te vat om iets rêrig te verstaan voor jy aan beweeg na ‘n ander konsep in verskillende vakke. Die waardes wat ek geleer het in tuisskool help my gewelding nou dat ek op universiteit is. Ek kan nou sien dat in tuisskool was ek nie met die lepel gevoer nie, maar ‘n graaf en byl gegee om my in staat te stel om vir informasie te soek op my eie. Ek kan trots sê dat ek in die top 10 akademiese groep is elke jaar in die 3 jaar van studeer is sover. As jy ‘n tuisskoler of tuisskool ma is, moenie opgee nie en moenie ingee nie!
(Frianke van der Velde)